

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 88

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

As die kernbom val...

Het u al daarvoor nagedink oor hoe u omgewing sou lyk as daar 'n kernbom geval het? Dink maar aan die foto's van Hirosjima en Nagasaki na die ongelukkige dag in die Tweede Wêreldoorlog?

Moenie laf wees nie, sê u, dit sal ons nie oorkom nie! Daarvoor is die V.N. mos daar. Daarvoor word so baie vredeskonferensies gehou en die vermindering van kernwapentuig bespreek.

Bedreiging

Die bedreiging van die kenmerkende paddastoelwolk hang deeglik oor die wêreld. Daar is oorgenoeg kernbomme beskikbaar om die hele mensdom uit te wis. Daarom is dit 'n saak wat u en my persoonlik raak. Ons kan nie net sê dat dit die wêreldleiers se probleem is nie... dat hulle moet maar sien en kom klaar nie!

Nee, niemand kan sê dis maar net bangmaakpraatjies nie. Daarom moet ek u persoonlik ook vra: hoe staan u daarteenoor? Is u voorbereid op so 'n gebeurlikheid?

Nou moet u nie sê: ag, ek kan daar tog niks aan doen nie, want ek kan dit nie keer nie As dit dan moet gebeur... dan is dit maar net jammer! Dit sal ook niks help om swartgallig die toekoms met skrik en bewing en angs in te gaan met die gedagte dat vandag of môre sal ek seker sterf nie.

Waar is die oplossing?

U het seker nie die finale beheer om te sê dat so iets nie moet gebeur nie, maar u kan wel iets anders doen. U kan en moet sorg dat u gesindheid reg is en dat u voorbereid is, want u is nie sonder krag in hierdie wêreld nie.

Dit is wel waar dat 'n mens teen die dodelike krag van die kernbom nie bestand is nie. Dit is ook waar dat mens, dier, plant en selfs yster en klip nie weerstand kan bied teen die versengende, dodelike hitte en alles-vernietigende krag van 'n kernbom nie, maar daar is 'n krag in hierdie wêreld wat groter is as dié van die kernbom: DIE EVANGELIE.

'n Krag tot redding

Paulus skryf aan die Romeine: "Die Evangelie van Christus is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo" (1:16). Hierdie Evangelie is 'n krag, dinamiet, 'n kernbom wat kragtiger en magtiger is as wat 'n mens ooit sal kan ontdek. Die mens se kernbom kan alleen maar die liggaam dood of wond, maar God se Evangelie tref die mens — liggaam en siel — met soveel krag dat selfs die duiwel daarvoor terugsteier. Met die Evangelie in u hart en in u hand hoef u nie te vrees vir die dodelike flitse, strale en as van die kernbom nie.

Deur die Evangelie van Jesus Christus wil God sy alles-oorwinnende liefde aan al die mense wat tot Hom vlug, toon. Vir hulle wat in Hom glo, is die Evangelie 'n kernbom met lewegewende krag wat al die vestings van die duiwel in puin laat stort... wat al die doodsvyande van die uitverkorenes uitwis, maar vir hulle wat ongelowig volhard op die weg van opstand teen God, is die Evangelie 'n krag wat sulke mense met liggaam en siel in die hel stort.

Die toekoms

U hoef nie en u mag nie swartgallig wees nie. U hoef nie en u mag ook nie traak-my-nie-agtig wees nie. Ons moet in God glo. Hy regeer oor alles. Lewe en dood is in sy hand. Wie by Hom skuil, is veilig... ook as die kernbom val!

Arnold H. Mulder.

BANG VIR DIE DOOD?

Dit is goed dat jy op hierdie bed in die hospitaal tot stilstand gekom het. Hoe sou ons ooit mekaar ontmoet en hoe sou ons ooit 'n gesprek kon voer as jy nie hier in die hoekie gelê het nie?

'n Paar maande gelede moes ek my eie moeder aan die dood afgee. Sy het in die hoekie van die oorkantste saal gelê, maar ek het geen vrees of angs by haar bemerk nie — slegs 'n glimlag wat om haar mondhoeke speel. Wat 'n ontsaglike troos was dit nie vir my nie.

Jy sê jy was werksaam in die myn — dat daar 'n tyd was toe jy in die fleur van jou lewe kon buig en breek en met geesdrif, vuur en ywer almal wat leef, aan die brand kon steek! Nou lê jy in 'n suurstoftekn met 'n bors wat hyg na asem!

Hoe sou jy hierdie vraag aan my kon vra as jy nog koorsagtig besig was in die myn, vriend? Hoe sou jy tyd kon kry om na my te luister as ek jou sou wou antwoord? Nou het God jou besige lewe tot stilstand gebring om jou te laat nadink oor die dood.

Die dood — ek en jy ken dit nog nie. Ons weet nie hoe dit sal wees nie, maar ken jy vir Christus? Weet jy wat die dood *sonder Christus* en *met Christus* beteken? Weet jy wat Christus van die dood gemaak het?

Die kind van God kan maar alleen bely dat hy nie geweet het dat sterwe so maklik is nie. Vir die kind van God is die dood 'n afsterwing van die sonde en 'n hemelvaart, maar vir hulle wat buite Christus lewe, is dit 'n hellevaart.

Daar was ook 'n tyd dat ek, soos jy, koorsagtig besig was... te besig om te kon glo. Toe is ek ook tot stilstand gebring in dieselfde hospitaal. My moeder, so getrou as wat sy altyd was, het my kom besoek en die woorde uit Romeine 8:31-39 aan my voorgelees.

Kom lees dit nou self uit die Bybel. Kan jy besef wat Jesus Christus ter wille van ons moes deurmaak? Hy het ter wille van ons sondes in die ewige dood versink. Hy moes onuitspreeklike benoudheid, smarte en helse kwelling deurstaan. Die hel het teen Hom opgekrui. Hy was van God verlate ter wille van ons sondes, maar die heel belangrikste is dat Hy die dood verslind en die satan se kop vermorsel het.

Daarom is die dood van die ware gelowige slegs 'n slaap en 'n wakker word in die ewige lewe. Wat lê nou vir jou voor? Hemelvaart? Hellevaart?

P. J. Malan.

OP VLUG VIR GOD?

Miskien is jy dalk baie verras om hierdie woorde te lees. Op vlug vir God?

Só het jy tot nou toe dalk nog nooit oor jou lewe gedink nie. Miskien het jy vir jouself nog nooit na 'n vlugteling vir God gelyk nie, want jy hou al vir baie jare nie met God in jou lewe rekening nie. Jy het met God al lank gelede finaal en vir altyd gebreek. 'n Mens vlug mos nie vir iets of iemand met wie jy gebreek het nie? Kom, laat hierdie gesprek vir jou 'n aangename verrassing wees. Miskien laat hierdie woorde jou tog 'n bietjie nadink... oor jou lewe... oor alles waarmee jy besig is... oor jouself... oor jou as 'n vlugteling vir God.

Die sous werd?

Om te vlug, kan soms beteken dat 'n mens daarmee jou lewe red. 'n Held moet ook soms vlug; betyds vlug. Om vir God te vlug, was nog nooit iets heldhaftigs nie. Dit het nog nooit enige redding meegebring nie. Dit was vir niemand nog ooit tot voordeel nie. Jakob het dit probeer. Só ook Jona en die verlore seun. Baie ander het dit al probeer. Onnodig om te sê: sonder enige voordeel vir hulleself.

Miskien is jy nog ingenome met jou ontvlugting vir God tot nou toe, want om altyd op vlug te wees, moet voorwaar 'n bittere kruis in jou lewe wees. Jy is altyd bang en bevrees. Jy kan betrap of ingehaal word. Jy kan dalk oorrompel word. Jy kan naderhand nie meer voorbly nie.

Om vir God te vlug, is veel erger. Dis om uiteindelik Jesus Christus vir die satan te verruil; dit is om uit moedeloosheid maar die hel bo die hemel te verkies.

Jy is nie 'n groot uitsondering op die reël nie. Jy is nie die enigste vlugteling nie. Ons is elkeen op ons eie manier vlugteling. Ons sonde maak van ons vlugteling vir God. Dit is presies wat Adam en Eva al in die paradys gedoen het.

Baie maniere en moontlikhede

Daar is natuurlik baie maniere om van God af weg te vlug, byvoorbeeld die dinge wat ek nie doen nie: nie bid nie, nie Bybellees nie, nie die Sondag as dag van die Here deurbring en gebruik nie, nie kerk toe gaan nie of om nie met die dominee of ander kerkmense iets te doen te hê nie.

Ek kan God ook ontvlug in baie dinge wat ek wel doen: in my oordrewe oortydwerk om geld te maak, om naweek- en sportmal te wees, om 'n verslaafde aan plesier of 'n los samelewing te wees, of om die lekker kêrel of die wilde nooi te wees. Ek kan God ontvlug in die leesstof wat my van my sinne beroof. Ek kan God ontvlug in die swakbeligte plekke met oorverdowende popmusiek. Daar draai baie hulle uit die Vaderarms van God los, maar hulle draai hulle lewens in die gevaarlike arms van die duiwel vas.

Dit is moontlik om tussen die koue mure van die wolkekrabbers van die stad te verdwyn, of dit is moontlik om jou agter die toe deur van jou hotelkamer of woonstel te versteek. Jy kan jou in die stroom van 'n los lewe buite die kerk gaan verskuil. Jy kan in die mensemassas van die stad invlug.

Daar is baie maniere en moontlikhede om vir God te vlug... só het jy miskien tot nou toe ook gedink.

Geen maniere en moontlikhede

Die groot verrassing van ons gesprek is: daar is vir geen mens enige "veilige" manier of moontlikheid om God ooit te ontvlug nie. Daarom kan jy ook maar gerus uit die skyngerief van jou wegkruipplekkies kom. Staan eers vir 'n oomblik stil. Draai om en luister: "Waar sou

ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar." Gaan lees hierdie Psalm 139 gerus verder.

Die heerlike waarheid is dat nie jy of ek God kan ontvlug nie... nie as Hy besig is om ons te soek nie. Het jy al aan die volgende gedink: as God jou maar laat gaan, jou op jou donker weë laat weggaan van Hom af, waarheen gaan jy uiteindelik... na wie toe... 'n ewigheid sonder God, saam met die duiwel en dié wat aan hom behoort.

Een wat roep

Miskien is daar nou te veel stryd in jou hart om maar oor te gee. Vir géén vlugteling was dit nog ooit maklik om hom oor te gee nie. Tog kan dit vir jou 'n heerlike verlossing wees om jouself aan God oor te gee.

God soek jou, maar nie soos 'n geregsdienaar die tronkvoël nie, nie soos die roofdier wat sy prooi voorlê nie en nie soos die speurder wat die dief op heterdaad wil betrap nie.

God soek jou om jou van jou voortvlugtende gemoed te verlos. Hy wil jou die kruis van angs en vrees ontnem. Hy wil rus en vrede in jou gemoed bring. Hy alleen kan rus gee aan die voet waarvoor daar nêrens enige rusplek was.

God roep jou met hartlike uitnodiging terug na Hóm toe. Hy wag jou met wyduitgestrekte Vaderarms in. Hy wil jou wegvlug van Hom af omskep in 'n heenvlug na Hom toe.

Wat ook al jou rede was waarom jy met Hom gebreek het, waarom jy op vlug vir Hom is, die oplossing daarvan vir jou is by God alleen. Deur Jesus Christus wil Hy ook jou lewe aan Hom verbind. Vir geen mens — ook vir jou — is daar iets meer wonderlik nie.

P. du Plessis.

JY KAN STAANDE BLY

Vir die wat vrees vir 'n herhaling

Dit het vyf jaar gelede gebeur, maar ek kan dit nog goed onthou. Daar is mos dinge wat jy nie maklik vergeet nie. Dit was 'n warm somerdag, wanneer 'n mens die koeltebome in die park opsoek en daar het ek hom die eerste maal gesien — die bleek jongman met die fyn gelaatstrekke en die slordige hare. Jy kon die weemoed in sy oë sien. Toe die gesprekkie hortend en lusteloos begin het, kon jy die wanhoop in sy stem hoor.

Hy het na 'n rukkie oor homself begin praat, maar afgetrokke, asof hy oor iemand anders praat. Verlede week uitgekom. Ses maande gesit. Huisbraak en diefstal. Ja, natuurlik het hy sy werk verloor.

Sy meisie is intussen met iemand anders getroud. Sy ouers wil hom nie meer sien nie... die skande, jy weet? Snaaks, sy ou vriende vermy hom nou. Wat het hy om voor te lewe? Het ek nie vir hom miskien 'n geldjie nie. Hy het eergister laas geëet. 'n Ander werk? Ek kan probeer as ek wil, maar hy weet dit is hopeloos. Almal vra getuigskrifte, wie wil nou 'n tronkvoël in diens neem.

'n Mens is maar 'n mens

Ek het hom die dag vertel van die liefde van Christus vir berouvolle sondears, Hy wat juis gekom het om te sterf vir die onregverdiges; van Christus wat ons optel as ons val en nuwe hoop en toekoms gee. Ek het hom vertel van Dawid en Petrus wat ook een keer geval het. Ek het hom ook vertel van die kerk wat hom graag wil help om weer op te staan.

Hy het my 'n rukkie stip aangekyk en nadenkend gesê: "Meneer, jy was nie waar ek was nie. Jy kan maklik praat..."

Twee jaar daarna het ek hom weer gesien — by 'n restaurant. Ja, hy het my goed onthou en dikwels nagedink oor ons gesprek van daardie dag. Hy het toe eindelijk die moed bymekaargeskraap en 'n dominee gaan spreek. Hy is nou 'n verkoopsman by 'n firma in die stad, maar hy het een groot vrees. Daarom bly hy sy troue uitstel. Meneer, as ek weer moet val... Jy weet hoe groot die versoeking is as 'n mens in die moeilikheid is. Die ding bly my by. Partykeer is die versoeking so groot en jy weet 'n mens is maar 'n mens. Ek vertrou myself nie. Ek het eenkeer geval. As ek weer moet val, sal dit die einde wees.

Bang vir jouself

Miskien verstaan ook jy iets van die jongman se vrees. Het jy ook een keer geval en deur die dieptes gegaan? Jy weet wat is wroeging en selfverwyt nadat jy in 'n oomblik van onbesonnenheid geswig het voor die versoeking? Jy onthou nog hoe jou hart gebons, hoe die bloed wild deur jou are gejaag het toe jy na die verbode vrug gryp. Toe het die ontnugtering gekom — die selfverwyt en die pyn. Toe het jy gesweer: nooit, nooit weer nie, maar telkens kom die versoeking terug en dit maak jou benoud en bang vir jouself. Jy stry teen jouself, maar jy is swak en die versoeking is so sterk! Jy vrees dat jy weer sal val en jy weet as dit gebeur, sal dit finaal wees...

Hy ken dit

Daar is vir jou net een pad na oorwinning... dit is die pad met Christus. Omdat jy swak is, het jy die Sterke nodig om jou te bewaar en staande te hou. Christus ken jou versoeking so goed — was Hy dan nie self versoek net soos ons nie? Toe die duiwel Hom alles aangebied het wat die hart kan begeer? Die Skrif sê: Kyk, Hy is 'n hoëpriester wat met ons swakhede medelye het. Omdat Hy ons versoekings so goed verstaan, wil Hy ons help en laat oorwin. Ons kan

met vrymoedigheid na sy troon van genade gaan (Hebreërs 4:15, 16) mits ons dit natuurlik ernstig bedoel en staande wil bly — mits ons die versoeking nie opsoek nie, maar ontvlug!

Weer dors

Hoe nader jy aan God lewe, hoe sterker sal jy staan. Is dit nie juis waarom jy die eerste keer geval het nie — omdat jy God vergeet het? Onthou jy nog die gebed wat jy geleer het toe jy nog maar klein was? "... en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die buse..." As ons die gebed, wat Christus ons geleer het (Matt. 6), in opregtheid bid, sal God jou sekerlik verhoor. Die versoeking van die sonde lyk altyd soos 'n koel stroom vir 'n dorstige, maar as jy daaruit drink, sal jy weer en weer dors kry — altyd weer, soos die Samaritaanse vrou. Christus sê ook aan jou, soos aan haar: "Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie." (Joh. 4:14).

Bevry van vrees

Begeer jy ook die lewende water? As jy dit gevind het, sal jy nie meer dors na die sonde nie en hoef jy nie meer te vrees vir die versoekings nie. God sal jou hand vashou en jou staande laat bly. Eers dan kan jy waarlik lewe... vry van hierdie verlamme vrees. Weet jy hoe maklik kan jy dit vind? Deur jou Bybel oop te slaan, neer te kniel in gebed en deur Sondag saam te gaan kerk toe.

W. J. Maritz.

GEE DIE HERE VIR MY OM?

Jy worstel nou al so lank met hierdie gedagte. Gedurig vra jy maar in jou binneste: is ek nie al te ver heen nie? Sal die Here vir so iemand soos ek nog omgee? Nee wat, sê jy, die Here gee nie vir so iemand soos ek om nie... ek is so sleg, so treurig, so arm, so 'n sukkelaar... ek het in sulke diepe sondes geval; ek het my lewe weggegooi; ek het te ver afgedwaal; ek lê op die ashoop... nee wat, die mense gee nie eers meer vir my om nie, hoe sal die Here dan vir my omgee?

Weet jy dat jy nie so ver weg is as wat jy dink nie? Hoor, die Here roep: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee." Jy redeneer so, omdat jy in jou siel moeg en in jou gewete belas is. Jy is so naby die genade en die genade so naby jou.

Soek jy 'n voorbeeld?

Neem die Bybel en lees in Lukas 15 die gelykenis van die verlore seun. Dink aan die rower aan die kruis. Ek herinner jou aan die gelykenis van die Here Jesus Christus aangaande die ryk man en die arme Lasarus. Lees dit in Lukas 16.

Jy het tog so baie voorbeelde oor hoe die Here met sulke mense bemoeienis maak.

Jy hoor die Here spreek met 'n owerspelige vrou in Joh. 8. Die evangelie van Lukas laat ons in hoofstuk 7 hoor hoe Hy aan die sondares, wat aan sy voete ween, sondevergifnis skenk. 'n Baie slegte vrou mag van Hom hoor: "Ek het genade vir jou, gaan in vrede."

Ook vir jou

Met al die malende gedagtes in jou binneste het jy seker vergeet dat die Here sy apostels nie geroep het uit die hoë en vooraanstaande mense nie. Nee, hulle was vissers en tollenaars! Hy het saam met die sondaars geëet en so met diep gesonke mense gemeenskap gehou. Jy kon ook saam met Hom aan daardie tafel gaan sit het. Hy sou jou nie daar weggestuur het nie.

Jy kan soos Paulus sê: aan my, die vernaamste van alle sondaars is barmhartigheid bewys. Jy kan ook maar daar langs Paulus gaan staan. Hy sal jou nie oor die hoof sien nie. As die hoë en vername mense van die Jode kla dat die Here aan tafel saam met slegte mense gaan, sê die Here dat Hy gekom het om te red, die wat verlore gaan. Dan hoor ons sy troosvolle woord: die gesondes het die Geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Die Geneesheer hoort by die siekes en die siekes by hom.

Nou is ook jy ongesteld en jy behoort by Hom. Hy het ook in jou gekom, want jy is ongesteld. Hy het ook vir *jou* gely en gesterwe. Hy wil jou ook genees. Die Geneesheer gee om vir die siekes. Hy gee ook om vir jou. Jy kan dit maar aanvaar, want dit is waar. Die Here se woord is vol daarvan.

Sy groot bemoeienis

Lees maar die evangelies deur. Kyk hoe die Here Hom bemoei met die ellendiges. Hy maak bemoeienis met veragte Samaritane; Hy ontferm Hom oor besetenes; Hy genees krankes en maak melaatses gesond; Hy laat dowes hoor, blindes sien en stommes praat. Hy troos weduwees en wek dooies op; Hy gee aandag aan kindertjies.

Hy wil Hom ook met jou besig hou. Al is jy hoe sleg en hoe sondig, Hy wil met jou wees. Ook jy is uitgenooi na die bruilof. Lees nou die gelykenis van die bruilof in Matteus 22. Daar sien jy hoe goeies en slegtes by die kruispaaie gehaal word. Al is jy dit nie werd nie, Hy wil jou waardig ag. Niemand van ons is dit werd nie.

Die Here vra nie hoe lyk ons klere nie, maar of daar hartseer is oor ons sondes. Die Here het

ook nie behae in jou dood nie, maar dat jy jou bekeer en lewe deur sy genade. Die Here het 'n woord van genade vir 'n owerspelige vrou; Hy het 'n woord van vergifnis vir 'n sondares. Hy het ook 'n woord van genade vir jou. Buig jou voor Hom neer en ween oor jou sonde aan sy voete en waarlik jou hart sal blymoedig sing:

"Al is ek arm, ellendig, Hy dink aan my bestendig, Hy is die HEER by wie daar redding is vir my. U's tot my hulp naby My God, vertoef tog nie!"

R.S.J. van Wyk

Gesprek met die oujongnoui

U is 40 jaar oud en ongetroud. Hulle noem u 'n oujongnoui. U dra die stempel van 'n sekere "tipe". Daar word gesê dat u 'n siniese, gefrustreerde mens is wat met 'n innerlike jaloesie die vreugde van die lewe demp.

Ek gaan nie saam skinder nie, want ek glo dat alle oujongnouiens nie noodwendig 'n "tipe" is nie. Van sommige is dit ongelukkig waar (soos dit ook van baie ander mense waar is) maar ek weier om op elkeen van hulle 'n stempel te plaas.

Kom ons gesels 'n bietjie met u en van u op 'n nugtere wyse. Dat daar 'n tekort in die oujongnoui se lewe is, is waar. U moet dit ook vir uself erken en nie probeer om dit weg te lag of te verdring met opmerkings soos: "mans is aaklige goed" nie. U mis die beskerming, toewyding en saamwees wat 'n man alleen op sy manlike wyse kan bied.

Geen hond of stokperdjie kan 'n man vervang nie. Hy is die kroonpunt van God se skepping en in hom het die Skepper die geheim gelê om die vrou te lei na haar hoogste geluk. Alleen 'n man kan die tipiese van vrouwees, naamlik versorging, tot sy heerlikste ontplooiing bring. Daar is dus 'n tekort in u lewe wat met berusting, oorgawe en aanvaarding oorbrug moet word.

Daar is die vrywillige, ongetroude staat wat ons nie sonder meer moet afkeur nie. As iemand, gedring deur 'n spesifieke roeping of idealisme, verkies om nie te trou nie, omdat die huwelik 'n hindernis sal wees vir die taakvervulling, is so 'n beslissing nie noodwendig uit die bose nie. Solank die motief diens is en nie selfsugtige loopbaan-najaging nie, moet ons die vrywillig ongetroude vrou bewonder.

Anders is dit egter die gedwonge ongetroude staat. Hierdie dames worstel met komplekse probleme: die gevoel van lewensmislukking, die gevaar van verbittering, die verdronge begeerte, die verbanning in die eensaamheid en die inspanning vir lewensonderhoud.

Vir u wil ons sê dat die huwelik nie die grootste dag in 'n mens se lewe is nie en om getroud te wees, is nie die grootste ideaal nie. Moederskap is nie die hoogste en heerlikste besitting nie en die liefde tussen man en vrou is nie die wonderlikste op aarde nie. Ook die huwelik hoort, in die lig van die Bybel, tot die gedaante van hierdie wêreld. In die eintlike lewe wat vir ons almal wag, sal die huwelik verdwyn.

U is nie in die eerste plek geskape om vrou en moeder te wees nie. U is geskape om God te dien. Die roeping van die gelowige op al die terreine van die lewe is 'n groter huis waaraan gebou moet word as die huwelikshuis. Die Here Jesus Christus is die Groter Bruidegom.

Die liefdesverhouding met God is heerliker en belangriker as die liefdesverhouding tussen man en vrou.

Daar is ander vreugdes, ander ideale, ander belewenisse in ons wêreld as die huweliksaanbod.

Die tekort in u lewe hoef dus nie 'n onvrugbare tevergeefs te word nie. Die onbevredigende drange in u lewe kan omgesit word in 'n energiegewende krag. Die vroulike liefde en versorging en koesterdrang kan op ander terreine met heerlike resultaat gebruik word.

Die oujongnoui wat haar vroulikheid behou en versorg, sal sorg dat sy nie op haarself gerig is nie. Sy sal haar afhanklikheid behou, haar skoonheid ontplooi en haar lewensvervulling soek in diens van andere... net so 'n edele en noodsaaklike taak as moeder en eggenoot.

Buitendien verwerp ons die glo in Toeval of Blinde Noodlot. Daar is 'n Vaderstem wat ook vir u gesê het: "Jy sal nie trou nie..." U taak is om in gelowige aanvaarding die leemte om te sit in nuwe taakverkenning en taakvervulling.

Ek wou net 'n bietjie met u gesels, want u is alleen en lewensvreugde kan eers vir u 'n werklikheid word as u perspektief het. Inderdaad, die tekort in u lewe is nie 'n tevergeefs nie.

W. J. de Klerk.